

# Laerskool Louis Leipoldt



*Die skool waar jy saakmaak*



10 Desember 2020

Geagte ouer/voog

Dis dié tyd van die jaar wat ons begin afskaal en regmaak vir Kersfees en Nuwejaarsvoornemens maak, net soos wat ons aan die einde van 2019 gedoen het. As skool het ons 2020 afgeskop vol energie, planne en entoesiasme. In die eerste kwartaal het ons Leipies uitgeblink op vele terreine. Daar was sportwenners, kultuurprestasies en vele buite skool aktiwiteite waar ons leerders deelgeneem en presteer het. Die res van die jaar se kalender was klaar uitgewerk en ons onderwysers en ouers het saamgewerk sodat ons die jaar se uitkomst kon bereik.

Die aankondiging dat alle Suid-Afrikaners vanaf middernag op 26 Maart in inperking geplaas word, het ons normale lewe tot stilstand geruk. Dit was tyd vir reflekteer, besin en nuwe planne maak. Baie dae het ons gewonder hoe die jaar sou eindig en of ons hiervan sal kan herstel. Ons was bang, bekommerd, onseker en kwaad.

Nou staan ons aan die einde van hierdie vreemde jaar, wyser en met baie meer realistiese planne. Ons kan dankbaar terugkyk na hoe die Here ons gedra het, ons Sy goedheid en guns elke dag kon sien, selfs in die moeilikste dae.

Saam met al die seëninge kom dankbaarheid vir ons toegewyde beheerliggaam, personeel, ouer-gemeenskap en natuurlik al die Leipies! Julle toewyding, aanpasbaarheid en harde werk het weer gewys dat ons skool se karakter uitstaan in goeie en slegte tye. Dis amper tyd om die boeke toe te maak, weer net ouers te wees en saam met ons familie en vriende te ontspan!

Geniet die Kerstyd en groet 2020 met die wete dat niks onmoontlik is waar God voor ons uitloop nie. Ons groet die families wat ons verlaat en wens julle net die beste toe vir die nuwe seisoen in ander skole. Ons sien uit om die res van ons Leipies terug te verwelkom in 2021.

Leipiegroete

**(get) PH Ferreira**  
Hoof